# Tlotlego se teeparty



Nicolene Louw Laura de Lange Ashlyn Atkinson

# Tlotlego se teeparty

Hierdie boek behoort aan

______________________







*Every child should own a hundred books by the age of five. To that end, Book Dash gathers creative professionals who volunteer to create new, African storybooks that anyone can freely translate and distribute. To find out more, and to download beautiful, print-ready books, visit bookdash.org.*

Tlotlego se teeparty
*(Tlotlego's Tea Party)*
Illustrated by Nicolene Louw
Written by Laura de Lange
Designed by Ashlyn Atkinson
Edited by Nabeela Kalla
Translated by Elna van der Merwe
with the help of the Book Dash participants in the Virtual Book Dash on 15 May 2021.

ISBN: 978-1-77623-166-9

This work is licensed under a Creative Commons Attribution 4.0 Licence (http://creativecommons.org/licenses/by/4.0/). You are free to share (copy and redistribute the material in any medium or format) and adapt (remix, transform, and build upon the material) this work for any purpose, even commercially. The licensor cannot revoke these freedoms as long as you follow the following license terms:

Attribution: You must give appropriate credit, provide a link to the license, and indicate if changes were made. You may do so in any reasonable manner, but not in any way that suggests the licensor endorses you or your use.
No additional restrictions: You may not apply legal terms or technological measures that legally restrict others from doing anything the license permits.
Notices: You do not have to comply with the license for elements of the material in the public domain or where your use is permitted by an applicable exception or limitation.
No warranties are given. The license may not give you all of the permissions necessary for your intended use. For example, other rights such as publicity, privacy, or moral rights may limit how you use the material.

# Tlotlego se teeparty

**Nicolene Louw** **Laura de Lange** **Ashlyn Atkinson**



**Tlotlego hou ’n teeparty vir die HELE gesin.**

“Hoeveel mense kom teedrink, Koko?”

“Jy, ek, Mamma en Pappa.
En jou sussie, Tshiamo.”



Tlotlego tel die teekoppies wat hy in die kombuis uithaal.

“Een, twee, drie, vier, en een vir Koko!”





Tlotlego stap stoep toe en pak die teekoppies op die tafel.

"Een, twee, drie, vier en ... ?"

"Ek sien net vier koppies," sê Koko,

"maar ons is vyf mense."

"Maar toe ek in die kombuis was, was daar vyf koppies!" sê Tlotlego.






Tlotlego tel die mooi bordjies wat
hy uit die kas haal.

**“Een, twee, drie, vier en vyf!**

Daar’s vir elkeen van ons ’n bordjie.”

Tlotlego gaan stoep toe en sit die bordjies by die koppies neer.

“Een, twee, drie, vier en … ?”

“Ek sien net vier bordjies,” sê Koko,

“maar ons is vyf mense.”






Tlotlego tel die koekies wat hy uit die fles haal.

**“Een, twee, drie, vier en vyf!”**

Tlotlego stap stoep toe en pak
die koekies op die bordjies.

“Een, twee, drie, vier en … ?”

“Ek sien net vier koekies,” sê Koko,

“maar ons is vyf mense.”





**Tlotlego is nou baie deurmekaar.**
**Hy weet mos hy het reg getel.**

Daar was vyf koekies en nou is daar net vier.

**HOE** het die koekies minder geword?




Tlotlego tel die suikerklontjies wat hy uit die fles haal.

"Een, twee, drie, vier en vyf!"







Tlotlego stap stoep toe en sit die suikerklontjies op die tafel.

Hy is seker hy hoor iemand giggel.

“Een, twee, drie, vier, en … ?”

“Vyf!” skree iemand onder die tafel.






**Tlotlego loer onder die tafel in en wat sien hy daar? 'n Hele teestel op die vloer gedek!**

Daar is alles wat weg was – die koppie, bordjie, koekie en suikerklontjie.

Toe Mamma en Pappa van die werk af kom, drink hulle almal tee op die stoep.

Een, twee, drie van hulle drink tee by die tafel

en twee drink tee op die vloer!





